

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 23 - nr. 25)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

18 Junie 2023

EREDIENS: dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

*Dag van verootmoediging
(kragtens Art 66 Kerkorde)*

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: 2 Konings 2: 23-25

Teks: 2 Konings 2:24

Sing- VOORAF SANG: Ps. 45: 1, 4, 5

TYDENS EREDIENS: Ps. 91:1, 8; Ps. 25:2,9;

Ps. 32: 3, 5; Ps. 60:1

DIE PRODUK VAN HULLE EIE OPVOEDING MAAK DIE BERE LOS!

24 Hy het omgedraai, hulle aangekyk en hulle vervloek in die Naam van die Here. Twee bere het uit die bos gekom en twee en veertig van die kinders verskeur (1983 Vert).

24 Toe het hy agter hom omgekyk en hulle gesien en hulle gevloek in die Naam van die HERE; en twee berinne het uit die bos gekom en van hulle twee-en-veertig kinders verskeur (1933 '53 Vert).

24 Hy het omgedraai en toe hy hulle sien, het hy hulle vervloek in die naam van die HERE. Twee bere het uit die bos gekom en twee-en-veertig van die kinders verskeur (2020 Vert).

Vooraf sang: Ps. 45: 1,4,5

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 91: 1, 8

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 25: 2, 9

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 32: 3, 5

Skriflesing: 2 Konings 2: 23-25

Teks: 2 Konings 2:24

DIE PRODUK VAN HULLE EIE OPVOEDING MAAK DIE BERE LOS!

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – DVB (Diakonie)

By die deure – Trans-Oranje Instituut

Slotsang

Sing-

Ps. 60:1

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Sondag 11 Junie 2023

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Trans-Oranje Instituut

Sondag 25 Junie 2023

In die banke: Dorkas (Susters)

By die deure: Sustentasië Klassis

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



Snap here to pay

SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 18 Junie 2023 Wyk 7

Ouderling: Wolfie Reinecke

Diaken: Johan Reinecke

VERJAARSDAE

Vandag 18 Jun. Lynn van Niekerk

Maandag 19 Jun. Albertus Viljoen

Saterdag 24 Jun. Hanré Strauss

Sondag 25 Jun. Jan de Kock

Dinsdag 27 Jun. Benito Pretorius

Mag ons 'n geseëde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Sr Hannelie Schoeman word volledige herstel toegebied.

Br Johan van der Merwe is besig om te herstel na groot skouer besering en operasie. Ons bid hom volkome herstel toe.

Br Pieter du Plessis is ons dankbaar om van goeie beterskap te hoor. Mag dit so bly voortduur.

OORSIGTELİK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R256 830-00
Totaal van dankoffers vir Mei 2023	R129 950-00
Totaal van dankoffers vir Junie tot op hede	R20 230-00
Kermis inkomste vir 2023	R500-00
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R572-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Laerskool kategese. Laerskool katkisasie het vir hierdie kwartaal afgesluit.

Ons Hoërskool -kattisante is daar op 6 Junie 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by https://youtu.be/iLV_NcTVnE8 Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Die volgende les sal DV weer op 20 Junie opgeneem word.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 13 Augustus 2023

Kerkraadsvergadering- 13 Augustus 2023

Dorkasvergadering- 13 Augustus 2023

Visitasie in gemeente- DV 6 September 2023

Besoek van Teol. Skool aan gemeentes in ons klassis DV 9-10 September 2023

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 11/6	28
Kollekte 11/6 (Diakonie)	R 1 050-00
Kollekte 11/6 (Deure)	R 146-00
Kollekte Dorkas susters 28/5	R 2 448-40
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



Ons is dankbaar vir die laaste houtverkope. Huidige voorraad is nou uitverkoop. Ons sal bevestig wanneer nuwe voorraad weer ontvang word.

Beleefdheid is die hoedanigheid van hart wat die stukkende hekkie nie raak sien nie en die aandag vestig op die blomme in die tuin daaragter (CJ Langenhoven).